# Die Wapad.

27 MEI 1953.

*Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.*

REDAKSIE.

**Hoofredaktetur:** D. F. Erasmus.
**Sub-Redakteurs:** D. v.d. Spuy (Sport); **M. J. Strydom (Alg. Nuus);** I. C. J. Minnaar (Varia); G. v.d. Berg (Kuns); Mej. L. Grobler (Algemeen.
**Fotograaf:** L. J. Potgieter.
**Spotprenttekenaar:** L. Haarhoff.
**Teg. Adviseur:** A. J. R. Vermeulen.
**Administrasie:** W. J. Sevenster (Voors.); J. Buys; R. Meyer; I. van Vuuren.


## P.U.-KLEURE ONS EER?

*Andermaal het dit gebeur dat ons P.U.-kleure in die gedrang kom. Verlede week het die opmerksame oog van een van die Studenteraadslede tot gevolg gehad dat 'n naturel aan pen moes ry omdat hy 'n rugbytrui in sy besit het. Die naturel was besig om spitwerk in 'n tuin te doen toe hy betrap is met 'n Puktrui aan.*

*Wie is nou skuldig? Op hierdie vraag hoef mens nie in te gaan nie. Die feit bly dat ons Kleure onteer en goedkoop gemaak is! En dit is 'n ernstige saak. Geen Pukstudent gaan hiermee genoë neem nie. Verbeel jou, 'n naturel wat ewe astrant nog weier om die trui uit te trek en 'n tweede wat verseg om te sê waar hy aan die trui gekom het. Die geagte Studenteraad moet in hierdie geval as die skuldige aan die man gebring word geen genade betoon nie! Pukke, wees versigtig met ons Alma Mater se Kleure. Onthou: Kleure mag nie verkoop, verruil of present gegee word aan 'n persoon wat nie die reg het om die P.U.-kleure te dra nie. By oortreding sal die S.R. selfs die mag hê om die dra van kleure te verbied. Dit het ook onder die aandag gekom dat ons kleurbaadjies op Sondag gedra word met ryloop. Ook dit is verbode. Laat die dra van die P.U. kleure vir ons 'n eer wees!!*

## Stadig oor die klippe

*Die afgelope tyd moes mens tot jou spyt maar weer kennis neem van die dwarstrekkery onder ons. Mans en dames vlieg mekaar die hare oor die nietigste ou sakies. Gelukkig is ons almal nie aan al die verwyte wat van weerskante geslinger word skuldig nie, en dan bly die vraag nog of die sg. verwyte werklik gegrond is. Soms kom dit voor asof die oorsaak nie hier in die studentelewe wortel nie, maar wel elders. Ons is groot mense, die intellegentia in die samelewing wat voorbeelde moet stel in woord en daad. Maar genoemde euwel maak diep seer. Ons is een groot huisgesin wat dit nie kan bekostig dat daar verdeeldheid onder ons heers nie. Verdraagsaamheid en 'n groot gees is mooi en getuig van edelheid!*

## ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

## VAN S.R. WEË

Jammer Pukke, dat ek nou eers 'n paar gelukwensings en bedankings i.v.m. die afgelope Intervarsitie doen, maar dit is as gevolg van 'n onvermydelike afwesigheid gedurende die laaste weke:

Eerstens wil ons al die Pukke met hulle pragtige optrede van harte gelukwens. Daar het van baie persone in die publiek en ook van die kant van ons staf baie lofwaardige getuienisse gekom. Ons voel veral trots op ons dirigente, Mnre. Gert v.d. Berg en Alwyn Malan, want hulle was tot eer van ons inrigting daar. Dan dink ons ook in besonder aan al die kapteins met hulle spanne wat deurgaans 'n hoë peil gehandhaaf het en met 'n pragtige gees voor die dag gekom het. U spel was tot inspirasie van al die toeskouers. Ons wil ook 'n spesiale woord van dank en gelukwensing rig aan diegene wat belas was met die organisasie. Ons dink veral aan die S.S.B.-voorsitter Mnr. L. J. Potgieter, en almal wat hom bygestaan het. Ons hartlike dank ook aan Prof. D J. van Rooy en die matrones van die verskillende koshuise. U hulp word hoog waardeer.

Ten laaste is ons trots op alle Pukke sonder uitsondering. U het ons Inrigting se goeie naam hoog gehou.

Die S.R. wil sy dank betuig aan Mnre. Piet Pelser en Chris Malan wat elk 'n tydperk as S.R.-Voorsitter moes ageer.

**Langs hierdie weg wil die S.R. ook die Redaksie en Administrasie van ons Studenteblad, „Die Wapad" van harte gelukwens met die standaard van die vorige uitgawes. Dit getuig van baie nougesette arbeid en omvattende verskeidenheid. Hou so aan en „Die Wapad" sal altyd 'n gewilde ontvangs geniet.**

Die S.R. wil aan twee persone van ons Universiteit 'n besondere woord van gelukwensing rig omdat hulle albei 'n besondere prestasie behaal het. Eerstens wil ons **Mnr. J. C. Potgieter** van harte gelukwens met sy verkiesing as President van die Uniale A.S.B. Dit is voorwaar 'n groot prestasie om tussen al die Afrikaanse Universiteite so hoog aangeskrewe te staan. Baie sterkte Mnr. Potgieter!

**Mnr. L. S. v.d. Vywer** is gekies as Direkteur van publikasies, propaganda en publisiteit op die Hoofbestuur van die A.S.B. en ook aan hom ons gelukwensing!

**Alle onderliggame word dringend versoek om sorg te dra dat hulle halfjaarlikse verslae die hoofliggame nie later as 5 Junie bereik nie. Verslae van alle hoofliggame moet die S.R. nie later as 10 Junie bereik nie. Die betrokke instansies word ernstig gevra om die S.R. in hierdie aangeleentheid te ondersteun!**

**Soos reeds bekend, het Mnr. Ph. Snyman bedank as Onder-Voorsitter van die Alabama-Studente Orkes en as gevolg daarvan het daar 'n vakature op die Studenteraad ontstaan wat spoedig opgevul sal word. Ons wil dan langs hierdie weg ons hartlike dank aan Mnr. Snyman vir sy dienste betuig. Hy het altoos sy pligte met groot ywer vervul en ons Studentelewe tot dusver baie groot dienste bewys. Veral sy besondere ywer vir die Alabama is nog vars in ons geheue.**

Aan diegene wat alreeds in die wurggreep van die „Junie-toetse" geraak het, wil ons baie sterkte toewens. Mag die arbeid met sukses bekroon word.

V. E. D'ASSONVILLE.
(Voors. S.R.)

**Hiermee wil Die Wapad sy innige meegevoel betuig met Mnr. Victor d'Assonville weëns die afsterwe van sy vader verlede Woensdagnag.**





Fil ; l k en Ongel



ARCADIA
(oor Landbank)
**HAARKAPPER-SALON**
Kerkstraat 53,
POTCHEFSTROOM.
Van der Hoff-gebou( regoor Landbank).
Dames- en Here-Haarkapper.
Vir u volgende permanente golwing besoek ons.
Foon 1269
SKOONHEID EN NETHEID GEWAARBORG.
STUDENTE WELKOM.



Studente!!!
Vir al u
**HANDBOEKE,
SKRYFBENODIGDHEDE,
LEERTASSE,
GESKENKE, ENS.**
besoek ons en wees verseker van goeie diens.
**UNIE-BOEKHANDEL**
(Edms.) Bpk.
KERKSTRAAT 90.
Foon 497.



**Ondersteun 'n Oud-P.U.Kaner**
**J. P. V.D. WALT,**
L.F.V.
**KERKSTRAAT 111
(Langs Ackermans)**
Foon 929,
POTCHEFSTROOM.
**Ek voorsien ALLES wat van 'n Apteek verlang word.**

# FEMINIS OORSAAK VAN BEROERING.

Waarde Heer,

**Om Feminis te antwoord was 'n strydvraag vir my gewees. Die sterker skriftuurlike agtergrond nl. „Antwoord 'n sot na sy dwaasheid, sodat hy nie wys is in sy eie oë nie", het my beweeg om haar te woord te staan! Haar brief was van dieselfde belang vir die manlike species as 'n aap met 'n doringtak vir die Volksraad.**

Feminis, moenie die splinter uit die mans se oë verwyder as daar 'n yslike balk in u eie oog steek nie. As van u nee sê as ons skiet en van u beweer dat u alreeds geskiet is en ons sien dat u wel nie geskiet is nie, waar lê die fout?

Glimlag vir party en jy kry 'n vooropgestelde hipotese (sien Christelike Ensiklopedie) by party met 'n beoogde kys. Kys nie, en sy sit jou op Tarentaal!—— Twee Species. ..............

S & S skryf as volg: Volgens Feminis moet al wat manlik is 'n diep buiging maak voor al wat vroulik is met 'n lieftallige glimlag daarby. Waar die mans probeer om 'n goeie verhouding tussen hulle en die dames te bewerkstellig, sien sy dit reeds in die lig van kwylende romantiese ondermaanse dinge. Dixi!

GELUK, WAPAD.

**Voordat ek my onder die klaendes skaar wil ek die Redaksie gelukwens met die besondere hoë peil van die Wapad. Ons waardeer al u opoffering en moeite en geniet die inhoud, so lui die skrywe wat van Mej. Bet Botha ontvang is. Sy vervolg:**

In die onlangse uitgawe van Die Wapad, 16 Mei, het die Redaksie 'n taktiese flater begaan.

Sover ek weet skryf mens onder 'n skuilnaam omdat jy jou naam nie bekend wil maak nie. Verder is dit aan my bekend dat korrespondensie aan enige Redaksie nie vir ander ter insae is alvorens dit nie in druk verskyn het nie. Hieruit kan 'n mens aflei dat daar ook nie subtiele verwysings na briefskrywers op ander bladsye moet verskyn nie. Ek motiveer deur te verwys na die brief van Feminis en die artikel onder die rubriek „Ek soek 'n maat".

Uit „Mosie van wantroue" op bls. 4 van dieselfde uitgawe lei ek af dat die spesifieke brief deur ander studente gelees is. Aan die adres van die betrokke nuuskieriges wil ek net sê dat dit baie onbeleefd is en onverfynd om ander se korrespondensie te lees, van watter aard dit ookal is. (Hierdie persone is reeds onder stok gekry. Ek is bly u ondersteun my in hierdie saak en ek hoop dat diegene wat u opinie terdeë in ag sal neem en weet dat dit nie alleen die Hoofred. is wat so dink nie.— Red.)

---

Waarde Heer,

Na regte behoort ek my te hou by, „Antwoord 'n-d- (iemand) nie in sy (so . . . .) nie", maar vir Feminis moet ek antwoord.

Ten eerste lyk dit vir my asof genoemde speci van die vroulike geslag, (of is die woord dalk „dame"?) aan die gevaarlike siekte „woordphobia" ly. 'n Veearts sal u seker hieromtrent meer inligting kan verstrek. Dit wil my egter voorkom asof dit in Feminis se geval al kronies geword het.

Nogtans wil ek haar bedank vir die paar „nuwe" woorde wat sy my geleer het. Myns insiens is dit die enigste verdienste van haar skrywe.

Dan wil ek haar ook verseker dat die motief van haar skrywe nie berus op die feit dat slegs 'n aantal dames uit die tou na die foon geroep word en geskiet word, terwyl andere tevergeefs wag nie? (Sal ons dit suurdruiwe noem . . . .?)

En dan, geen dame wat gewoond is aan sleep sal nodig hê om te kla dat die mans hulle eers om half-agt skiet nie . . . . Staan Feminis nie miskien 'n bietjie vêr agter in die tou nie . .?

Dat sy 'n sleep as „vaal" beskou kan ek verstaan. Met uitsondering van die dames wat werklik intelligent kan wees, gaan die mens meesal van die standpunt uit dat wanneer hy in Rome is, hy soos die Romeine moet maak . . . .

Wat die vinnige ontklee-proses van 'n dame deur 'n man betref wil ek nie op uitwei nie. Ek meen dat Feminis daar meer van sal weet as ek.

Dit is vir my egter in verhouding met die „pragtige" Afrikaans wat sy gebruik 'n platvloerse vergelyking.

Ek wil haar graag namens die res van my „ongelukkige" geslag en myself bedank vir die „vakuole" wat sy tussen ons ore plaas.

Uit die brief lei ek af dat sy geen vreemdeling op Tarentaal is nie. Sy skyn heeltemal vertroud te wees met die „trollie" en die effektiwiteit van Tarentaal.

Die vreemde bane wat haar emosies gevind het, is vir my heeltemal onbekend. Ek sou haar egter aanraai om die eerste die beste baan wat na 'n psigiater lei te volg . . . .

VAKUOOL.

---

Linkervleuel,
Heimat,
P.U. vir C.H.O.
9 Mei 1953.

Mnr. die Redakteur,

In afwesigheid van ons geagte voorsitter het die hoofbestuur van die Bond van Laatslepers en Vroegopstanders, waarby ingelyf is die Vereniging vir die bevordering van Sleeploosheid en Slapeloosheid, my versoek om die volgende besluit, wat op voorstel van ons geleerde ondervoorsitter algemeen aangeneem is, aan ons studente bekend te maak:

Hierdie bond versoek sy lede om as protes teen die kort sleeptye tot die volgende staking oor te gaan nl. om vir 'n tydperk van een week, beginnende 16 Mei 1953 en eindigende 30 Mei 1953, alle oproepe en vuurpyle vir dames vanaf die balkonne van ons koshuise te staak en verder dat geen slange meer voor die dames oor die pad geslep sal word nie. Die hoofbestuur spreek sy innige spyt uit dat tot so 'n stap oorgegaan moes word, maar besef dat dit die enigste effektiewe manier is om hierdie knellende toestand tot 'n einde te bring.

Ek dank u namens ons bond vir plasing.

Die uwe,
DRIE.

---

My denkbeeld van 'n aanvallige vrou is een wat my nooit sal aanval nie.—Disraeli.

Groot siele ly in stilte.—Schiller.

Liefde en skinderpraatjies is die soetste suiker in tee.

# Hernobie Geantwoord

Waarde Heer,

'n Persoon soos Hernobie wat te lafhartig is om sy naam te teken en 'n brief skryf wat getuig van onkunde verdien byna nie kommentaar op sy brief nie. Ek antwoord hom as „Hokkiebewuste Oudame.

Om die neerlaag van 13 0 (eintlik 13 1) teen ons kop te slinger getuig van 'n swak sportmansgees. Moet mens dan net die span ondersteun wat altyd wen? Is dit dan nie beter om hokkieweek toe te gaan en jou Universiteit te verteenwoordig as om tuis te bly omdat jy bang is dat jy gaan verloor nie? Ek dink dis hierdie sportmangees wat dit regverdig dat nie net eerstejaardames nie maar ook ander studente en ouhere in besonder dit moet ondersteun. Is dit regverdig dat die voetbal ons volle ondersteuning verwag terwyl die mans hulle nie eers verwerdig om te kom kyk as die dames optree nie?

**I.v.m. Saterdag 9 Mei kan ek meld dat die dames om 2-uur hokkie gespeel het en Theos eers om 3.45. Dit is egter die dames se vaste oortuiging dat dit 'n dame se plig is om eers die damessport te ondersteun, eerstespanne van die dames bo die tweede span van 'n manssport. Verder is dit die vaste reel dat as 'n Universiteitspan optree alle eerstejaars genoemde spanne moet ondersteun. Dieslefde reël geld alle ander studente aktiwiteite. Dit was, is en sal steeds die beleid van die Oudames bly om eerstejaars te straf wat hierin versuim.**

**Om van diskriminasie teen Eerstejaars te praat is belaglik. Alle dames, afgesien van senioriteit word gestraf as hulle die reëls oortree. Die tugmiddel is toevallig „Hek".**

Ek hoop dat hierdie verduideliking Hernobie en sy trawante tot ander insigte sal bring.

S. VAN SCHOUWENBURG.

---

LAAT NUUS.

Hierdie stuk sou gevul kon wees as julle meer bydraes vir julle eie blad ingestuur het, Pukke!




**NATIE V. VUUREN:** De zee, de zee klotst voort . . . .
**P. BUYS:** Syn baardje selfs vermaakt hem niet . . . .
**A. MALAN:** Syn fynst sigaartje smaakt hem niet.
**P. PELSER:** Syn soetlief meisje raakt hem wel,
**J. COETZEE:** De kêrel heeft en groot verdriet, en wat nu juist dat weet hy niet!

* * *

## Weet U dat:

**ELSA V.D. WALT** beweer dat ou liefde nooit roes nie;
**TAFELBERG V. NIEKERK** op Gimmies gekys is;
**TONIE LOMBAARD** heimlik gekys is;
**SANNIE V.D. SCHYFF** Dalrymple gunsteling is en dat sy 10 teen 1 „geback" is;
**HEIMAT** se ouhere toustaan om 'n skiet te kry;
**JAN DE WET** weet wat die geheim is;
**NANDIE** gekoöpteer is as Presidentsvrou;
**ARRIE V.D. W.** met 'n Aairiesj Beautie afgehak het;

---

Potchefstroom,
23 Mei 1953.

Dag Vrinne en Vrindinne,

Dis alweer sukke tyd. Ek bedoel dis tyd lat julle 'n Wapad lees en Sarel vir julle more sê.

Wat sal ek ok sê? Ek kry nog nie koud nie want dis nog nie winter nie.. Maar ek moet darem sê, al betaal julle my ook wat dan gaan klouter ek nog nie op 'n berg op nie en dit nie hiervoor of daarvoor nie maar sommer net lat die mense kan sê: In 1953 op die 29ste Mei het Sarel en nog drie anner boop die berg gestaan, 60,000 voet bo seespieël. En wat sal ons dan sê wat is so snaaks daar? Dis ook maar net 'n berg. Al wat ek sou gelaaik het is om met my threespied baaisiekel daar van bo af af te free. Huk! dis darem lekker hé!

So van spied gepraat. Julle ken mos almal vir Jakkals—die snaakse een met die hare? Nau-ja, nou die dag toe sê oom Rassie vir hom toe dit lyk of hy in 'n gekombineerde tornado-dwarlstorm betrokke was, lat dit net daardie pragtige botterkuif van hom is wat verhoed het lat hy nog nie die soundberrier gebreek het nie! (Dis 'n grap—julle moet lag hieroor).

Van die os op die klerekas: Ons hoor nou deesdae so van skeiding en onderskeiding en verbrokkeling en Liberale Partye en wat dies meer sy. (Wat ons hier gesels is natuurlik streng vertrouelik en met permissie van Soviet Rusland). In alle geval, hier op die Puk. hoor ek, is nou ok twee nuwe partye afgesien van die Heimatiete en die Duplisiete. Dis die Bosparty of te wel Bossiete onder die bekwame leierskap van die Vrou van Suid-Afrika, Sisilie Bosman-Kruger met die titel T.L.I.T.B. (The Lady In The Bush) en die Agiterendes met Elize Saterdag en „één dogter genaamd Dina" wat die titel

(Vervolg volgende kolom).

Loutjie op Vyvervlei: My oorspronklike val was die bestaan van ander mense. Tussen honderd spieëls was sy nog vals,.. tussen twee nikse ingemelk, 'n vraagteken; ek was op pad na die vernietiging toe ek 'n spiedwôbbel kry. Ek sleep nie met 'n perrevel nie, dit maak my tande pikswart. Lief vir handtastelike omgang. Eienaar van Karooplaas met een boorpomp en windgat. Ek kan nie nou kys nie, dit gee my skilfers.

• • •

**Naas van Vuurherd:** Jongman van twyfelagtige ouderdom (en Karakter) sêreneit hom oor 'n mik, . . . omgewing se kattte sy stokperdjie. Soek gesellin, liefs nie 'n kat nie. Aspirante moet plaatopnames van hulle stemme insluit!

---



# STREEKNUUSDIENS VIR POTCHEFSTROOM.

Die Uitsaaikorporasie het besluit om vanaf 1 Julie 'n streeknuusdiens vir Transvaal in te stel. Dit hou dus in dat van Potchefstroom omtrent elke dag berigte oor die radio uitgesaai sal word.

Prof. W. N. Coetzee is die verteenwoordiger van die Hoër Onderwys inrigtings in Potchefstroom op 'n plaaslike komitee.

**In die praktyk beteken dit dus dat as studente belangrike funksies reël, ens. bv. intervarsities, konserte, e.d.m., die komitee sal sorg dat dit oor die radio aangekondig word. Dit behoort vir die studente groot reklame te wees.**

Verenigings, klubs en persone wat sulke reklame wil maak, kan met mnr. C. J. H. Schutte, by die kantoor in verbinding tree.

---

C.H.E.V. dra. (Sy dra haar byna dood hé!)

Ek sien 'n paar van die oudstes van Israel het gaan help om tant Liesbeth se hoed op te sit in Ingelant. Dis intlik nie 'n hoed nie, dis entlik sommer 'n keps maar dis nie 'n amie-keps of 'n kerk-kep nie, dis sommer net 'n keps.

As klein Pietie van Wyk sy snor afskeer en as die Maw-Maw my nie vang nie, dan skryf ek weer annerdag vir julle.

Jors Troelie,
SAREL.

# ITALIAANSE-OPERAGESELSKAP HIER

Name soos La Traviata en Carmen gaan weer een van die dae op al wat 'n opera-liefhebber is, se lippe hang, en watter beter rede hiervoor is daar as dat die operageselskap van die beroemde La Scala van Milan weereens hier is om hulle op te voer?

Hierdie befaamde geselskap het gedurende die seisoen van 1951 vir die eerste keer in Suid-Afrika kom wys hoedat opera gesing moet word. Hulle operas was 100% geslaag en Gigli en Gobbi het die harte van die gehore gesteel.

Maar vanjaar maak dieselfde geselskap weer sy verskyning en dit is seker dat die opkomste na hulle opvoerings nog groter gaan wees as in 1951.

## Gobbi en Infantino.

**Hierdie keer is die grootname in die geselskap sekerlik die van Luigi Infantino, die begaafde jong hooftenoor van die geselskap, en Tito Gobbi, die hoofbariton. Gobbi, wat die vorige keer ook hier was, is reeds goed aan ons bekend. Infantino besoek Suid-Afrika egter nou vir die eerste keer en hy sal seker die hoofaantreklikheid van die opvoerings wees. Hierdie tenoor, hoewel sy volume nie te groot is nie, word tog deur baie kenners beskou as 'n uitstekende opvolger vir die aftredende meester Benjamino Gigli.**

## Aantreklike Program.

Al die operas wat opgevoer gaan word is beslis die moeite werd om na te luister. Soos verwag kan word is al die operas „Italiaans", meestal deur Verdi. Deur te sê „Italiaans" word natuurlik bedoel Italiaans van geaardheid en nie noodwendig dat die komponis 'n Italianer was nie. So is daar bv. die bekende opera van Bizet, wat 'n Fransman was, nl. „Carmen", en tog sal dit moeilik gaan om 'n opera te kry wat meer „Italiaans" in sy bou en musiek is.

## La Traviata.

In 1951 het Puk die voorreg gehad om na „Il Trevatore" te gaan kyk en as die musiek-vereniging voet by stuk hou sal die Pukke hierdie keer die geleentheid hê om na „La Traviata" te gaan luister, ook deur Verdi.

Hierdie opera is seker een van die gewildste Italiaanse operas en bevat sulke aantreklike arias soos „Ver van Parys my beminde", die bekende „Drinklied" en „My tuiste in Provence" en in lg. twee sal ons seker na Gobbi en Infantino op hulle beste kan luister.

Hoewel die geldjies hierdie tyd van die jaar 'n bietjie skaars is en die prys 'n bietjie hoog is, is dit tog die moeite werd om van hierdie seldsame geleentheid gebruik te maak om na die beroemdste operageselskap in die wêreld te gaan luister.

Die seisoen het op Maandag 25 Mei begin en sal 'n paar weke duur.

---

Die Raad van die Universiteit het dit in beginsel goedgekeur dat daar 'n fakulteit van regte alhier gestig word. Die naam wat die fakulteit sal dra, is nog nie oor besluit nie.

Indien alles na wense verloop, bestaan die moontlikheid dat hierdie fakulteit alreeds vanaf die begin van 1954 in werking sal tree.

Daar sal tog in die tweede semester 'n kort vakansie wees en nie meer net 'n lang naweek soos voorheen in die Jaarboek van die Universiteit aangekondig is nie. Hierdie vakansie sal duur vanaf 25 September tot 6 Oktober.

Die sluitingsdatum vir die eerste semester is bepaal op 26 Junie en die heropening na die Julie-vakansie op 28 Julie.

---

**Gedurende Juliemaand onderneem Thalia weereens 'n toer deur Noord- en Oos-Transvaal. Die reisouers van hierdie toer is Mnr. en Mev. A. Postma.**

---

**Ons gelukwensinge gaan aan Dr. en Mev. J. M. de Wet met die geboorte van hulle seun.**




# THALIA.

## „Piet se Tante" op die Planke

**Na verlede jaar se suksesvolle toer deur N.W.-Transvaal, gaan Thalia weer gedurende die Julie-vakansie die laeveld laat skaterlag.**

**Thalia het verlede jaar onteenseglik bewys gelewer dat die een van Puk se aktiefste en gewildste verenigings is. In die verlede het Thalia altyd maar op 'n verlies gewerk maar verlede jaar toe ons aspirant Laurence Oliviers en Lana Turners 'n skitterende sukses behaal het met „Gif en Oujongnooiens", was dit duidelik dat sêlfs die Alabama met die toneel-vereniging sal moet rekening hou.**

Die gevolg was dat die bestuur van Thalia verlede jaar besluit het om hierdie jaar met twee toere op die planke te draf. Een sou weer deur Noord-Transvaal toer en die ander een deur die Vrystaat. Dit blyk egter dat die Vrystaatse toerplanne nie wil vlot nie vanweë sulke gevoelige skrikmaakgoed soos belasting wat in die Vrystaat nogal taamlik hoog is. Verder blyk dit dat die afstand wat afgelê sal moet word heeltemal buite verhouding is met die aantal opvoerings wat gelewer kan word.

**Die groot rede waarom hierdie toer egter sal moet gekanseleer word is dat daar van die kant van die Pukke so min belangstelling is. Toe die rollesing onlangs vir die toere gehou is, was daar slegs 14 persone wat aan die lesing deelgeneem het. En tog as 'n mens na die geweldige aantal name kyk wat aan die begin van die jaar op die lyste verskyn het, dan wonder 'n mens soms wat die mense besiel het om hulle name daar te plaas as hulle hoegenaamd geen belangstelling toon nie.**

Nogtans blyk dit dat daar 'n sukses van die Noord-Westelike toer gemaak gaan word. Die pad wat gevolg gaan word sal naastenby dieselfde wees as dié wat verlede jaar gevolg is—met die byvoeging van Louis Trichardt en die weglating van Machadodorp.

Mnr. Pretorius van die Departement Engels, sal die regie waarneem van die stuk wat opgevoer gaan word, nl. „Piet se Tante".

Alle sterkte aan die toneelspelers en ons hoop dat hulle net so suksesvol gaan wees as verlede jaar.

---

# HUISVESTING VAN DAMESSTUDENTE GENIET AANDAG

**Die huisvesting van damesstudente aan ons Universiteit, geniet tans baie ernstige aandag. Daar sal dringend voorsiening gemaak moet word om nog dames te huisves. Verder word daar beraam dat daar ongeveer 60 tot 70 eerstejaar-damesstudente aan die begin van 1954 hier ingeskryf sal word.**

Tot op datum het daar alreeds 22 dames en ongeveer 30 mans, wat almal in 1954 eerstejaars sal wees, aansoek gedoen om toelating tot die Universiteit. Dit word beskou as 'n indikasie dat daar 'n rekord-aantal nuwe eerstejaarstudente volgende jaar ingeskryf sal word.

In 'n onderhoud wat ons verteenwoordiger met mnr. C. J. H. Schutte, organiseerder, gevoer het, het hy gesê dat dit nog selde voorheen gebeur het dat daar hierdie tyd van die jaar alreeds soveel aansoeke gedoen is.

Op die 7de Mei was daar alreeds 964 studente aan die Universiteit geregistreer. Daar is egter nog 'n baie groot aantal nagraadse studente wat nog nie geregistreer is nie. Dit word beraam dat volgens die verwagting vroeër in die jaar, die 1,000-merk tog maklik gehaal gaan word.

---

**Die plaas naby Ventersdorp wat deur die Departement van Landbou aan die Universiteit toegeken is, sal, volgens ons verneem, een van die dae water hê. Daar is besluit om voorlopig een boorgat te sink. Die regerings-geoloog waarborg dat daar water op die aangewysde plek gevind sal word.**

C. VAN DER MERWE,
Kerkstraat 93,
POTCHEFSTROOM.

Waarom sal jy loop as jy kan ry?
('n Vraag van Frikkie Fietsryer aan Fanie Voetganger).

BESPAAR TYD, KRAGTE EN SKOENE
deur
'n Fiets aan te skaf.





ONS DRIE

NUWE

MA'S . . .

**Agter, l.n.r.: Mevv. Joubert en Roux.**
**Voor: Mev. v.d. Merwe. Dit lyk of die drie dames ingeburger is.**



Mejj. C. P. THERON.

Mej. Theron het in 1949 aan die Hoër Volkskool, Potchefstroom matrikuleer waarna sy die graad B.Sc. in Huishoudkunde verwerf het aan die Universiteit Pretoria. Daarna was sy drie jaar lank verbonde aan die Departement van Landbou as Huishoudkundige te Bethlehem, O.V.S. Vanuit Bethlehem het sy die V.L.U., Oranje Vroue Vereniging en Kindersorgverenigings van die Oostelike en Noord-Oostelike Vrystaat bedien, met huishoudkundige voorligting. Mej. Theron het o.a. ook opgetree as beoordeelster op Landboukundige tentoonstellings.

Tans neem mej. Theron waar as assistent lektriese in Huishoudkunde.

Charlotte Petronella Theron is gebore in Potchefstroom. Sy het ook hier groot geword.

# IS DIT EKONOMIES MOONTLIK OM APARTHEID IN S.A. TOE TE PAS?

## Segregasie beleid sal £50 miljoen kos!

**Ons kan hierdie uiters moeilike probleem nie in dieselfde lig benader as die buitelandse kritici nie. Hulle beskou dit in die lig van 'n klassestryd, en alhoewel ons moet toegee dat daar wel genoegsame tekens van 'n klassestryd in Suid-Afrika te bespeur is moet ons nie sondermeer aanneem dat die probleem ook hier homself sal oplos nie. Apartheid en die daarmee gepaardgaande segregasiebeleid blyk vandag die enigste oplossing vir ons probleem te wees.**

Die vernaamste redes waarom ons die oplossing van die klasse stryd in Europa nie ook hier sondermeer kan aanvaar nie is kortliks die volgende:

(i) Daar is wel twee klasse in die ekonomiese samestelling van Suid-Afrika maar hierdie twee klasse het kenmerke wat dieper gaan as die suiwer ekonomiese.

(ii) Die besondere manier waarop die klassestryd in Europa opgelos is het aangepas by 'n laissez faire ekonomiese stelsel.

(iii) Dat daar alhier wel deeglike ekonomiese afskeidings tussen die rassegroepe bestaan maar dat dit nie noodwendig is dat dit juis moet oorgaan tot 'n klassestryd nie.

(iv) Dit is juis die insig dat die rassesituasie hier tot 'n klassestryd kan oorgaan wat aanleiding gee tot 'n apartheidsbeleid.

**Ek wil die bewering maak dat totale apartheid myns insiens onmoontlik is. Ek kan my nie indink hoe totale apartheid ekonomies moontlik kan wees nie; maar hierdie onderwerp oor die moontlikheid van totale apartheid sal ek nie hier bespreek nie.**

Die taak rus vandag op Suid-Afrika om in die naturelle beleid wat hy navolg as voorbeeld te dien vir sy buurstate verder noord. Die ongesonde toestand van lae produktiwiteit van ons industrieë is vandag grootliks te wyte aan die beleid van goedkoop naturelle arbeid wat ons navolg. Apartheid van die naturelle werker in ons industrie sal die naturel in staat stel om 'n beter opgeleide werker te word en om sodoende sy eie produksievermoë sowel as die produktiwiteit oor die algemeen te verhoog.

Die blanke beskawing in Suid-Afrika kan vandag alleen gehandhaaf word as die rassegroepe opleiding geniet, beskaaf word en ekonomies in staat gestel word om 'n beskaafde lewenspeil te handhaaf.

Die huidige tendens vandag is steeds groter afhanklikheid van naturelle arbeid en roofbou, uitputting en oorbevolking van die naturellegebiede en gevolglik 'n steeds groter strek van naturelle van die reservate en van die plattelandse stede en dorpe. Die enigste praktiese metode om hierdie tendens te stuit is om ekonomiese aansporing daar te stel vir die ontwikkeling van die naturellereservate op Nywerheids-Handels- en Finansiële gebied, met behulp van blanke kapitaal en kennis. Indien die praktiese ekonomiese aansporing nie daargestel word nie sal die planne van naturelle state onder blanke voogdyskap slegs 'n teoretiese bespiegeling bly.

**Ons moet besluit watter soort van Suid-Afrika ons vandag wil hê: Eerstens 'n Suid-Afrika bevolk met blank en nie-blank en gevolglik gelyke mededinging tussen die twee groepe, of tweedens 'n Suid-Afrika met twee rassegroepe, maar waar 'n mens kan praat van blanke dele van Suid-Afrika en nie-blanke dele van Suid-Afrika.**

Konserwatief bereken sal die naturelle bevolkinng oor 50 jaar 19 miljoen wees. Optimisties bereken sal die blanke bevolking dan slegs 6 miljoen wees indien daar ruim voorsiening gemaak word vir immigrasie, voortplanting ens. Die verskil in getalle sal dan 9 miljoen wees. Vandag is die verskil slegs 5 miljoen en ons het alreeds met soveel wrywinge te kampe. Hoeveel te meer sal die wrywing nie oor 50 jaar wees as die naturelle bevolking soveel groter is en die naturel soveel beter ontwikkel sal wees nie?

Met die ontwikkeling van die reserwes tot die maksimum landbou kapasiteit kan die reserwes in plaas van 3 miljoen deeltyds, 4 miljoen voltyds handhaaf. Meganiese intensifisering van die boerdery sal die drie tot vier miljoen wat tans op die platteland versprei is, op hierdie getal hou. Met ander woorde 7 tot 8 miljoen sal dus in hulle eie gebiede of verspreid op die platteland woonagtig wees. Waar sal die oorblywende 12 miljoen oor 50 jaar 'n bestaan maak?

## Territoriale Segregasie.

As slegs ekonomiese oorwegings (geldelike gewin) moet tel en nie die toekoms van die volk nie, dan sal 10 miljoen tussen ons en 4 miljoen naby ons op die plattelandwees. Sal dit moontlik wees om dan nog die blanke beskawing hier te handhaaf? Ons moet hierdie probleem vierkantig in die oë kyk en as ons dit besef sal ons 'n plan moet maak en die enigste plan wat myns insiens aan die vereistes van die praktyk sal voldoen is om 'n beleid van territoriale segregasie na te volg.

Die industrieë sal na die naturelle gebiede moet skuiwe, waar die naturel slegs oor die grens sal moet kom om te werk. Die naturel sal sy eie industriële ontwikkeling moet deurmaak. Ons moet besef dat as ons die blanke beskawing wil red ons 'n swaai sal moet maak met ons industriële ontwikkeling. Nywerhede sal hulle moet vestig, nie slegs waar arbeid verkrygbaar is nie, maar daar waar arbeid uit sy eie gebied kom om te werk. As ons dit om kortsigtige ekonomiese redes nie wil doen nie dan is ons besig om ons eie kele af te sny.

Ons moet natuurlik besef dat die grootste struikelblok in die weg tot segregasie seker ekonomies van aard is. Die onkoste verbonde aan 'n suksesvolle segregasie-beleid is nie duisende van ponde nie maar honderd miljoen ponde.

Berekenings gemaak deur die Afrikaanse Handels Instituut toon aan dat daar minstens £1000 nodig is vir die verskaffing van werk aan een arbeider. Indien ons aanneem dat daar vir 5 miljoen naturelle voorsiening gemaak moet word in industrieë, in hulle eie gebiede sal dit die staat dus £5,000,000,000 kos. Hierdie syfers is onrusbarend maar ons moet onthou dat daar meer as slegs ekonomiese oorwegings hier geld en ons moet eenvoudig opoffer om uiteindelik verseker te wees van 'n blanke Suid-Afrika. Dit is dan ook grootliks as gevolg van die feit dat ons in die verlede meer waarde geheg het aan die korttermyn voordele van integrasie (hoofsaaklik ekonomies van aard), dat ons vandag 'n blanke beskawinng het wat so ernstig bedreig word.

**Gebiedsegregasie is vandag moontlik, en is voordelig vir Suid-Afrika. Die enigste oplossing vir ons probleem is aparte naturellegebiede binne Suid-Afrika, met hulle eie industrieë, tegnici, advokate, dokters en leiers. Vir diegene wat belangstel in 'n blank Suid-Afrika en wie gewillig is om die feite in die oë te staar en bereid is om die groot opofferings te maak, is daar net hierdie een oplossinng vir ons probleem.**

**Konstruktiewe segregasie beteken uitstekende beleggings vir Suid-Afrika. Geen gesonde belegging is onprakties nie al sou dit miskien nie onmiddellike voordele verskaf nie.**



L. J. POTGIETER.

*Skrywer van hierdie artikel.*

## TOER OORSEE.

Die Reisburo Lissone-Lindeman het 'n studentetoer vir 30 studente gedurende die somervakansie gereël. Die totale onkoste daaraan verbonde, sal £275 beloop.

Engeland, Holand, Duitsland, Switserland, Italië, Frankryk, is o.a. die lande wat besoek sal word.

Die doel van hierdie toer is o.m. om ons jong Suid-Afrikaanse mense in aanraking te bring met die studerende jeug van ander lande.

Volledige besonderhede kan verkry word van mev. A. L. du Preez, p/a Reisburo Lissone-Lindeman, Posbus 323, Pretoria.


EXCELSIOR MEUBELS
KERKSTRAAT 132.
Foon 743.
KOM BESOEK ONS EN OORTUIG USELF VAN ONS
KWALITEIT en VERSKEIDENHEID MEUBELS.

J. TOD SUTTIE
KOMPLETE Mans-uitrusters vir al u
KLERASIE EN ANDER BENODIGDHEDE.
127 Kerkstraat,
Posbus 219 Foon 1
POTCHEFSTROOM

DIE AFRONDING VAN U INKOPIES en „WINDOW-SHOPPING" is 'n besoek aan
ANNELLAS KAFEE
oor 'n heerlike koppie STOMENDE KOFFIE.
Probeer hierdie keer ons
VIS EN ARTAPPEL-SKYFIES.
Eienaar:
D. M. VAN BILJON.

S.A.N.L.A.M.
J. L. M. VENTER,
Spesiale Verteenwoordiger
Noordbrugweg 3, Telefoon 1247,
Potchefstroom.

Bestel u MIELIEMEEL van en Verkoop u MIELIES aan:
RENDEZVOUS ROLLER MEULE
VILJOENSKROON.
Posbus 21. Foon 100,

Drink en Geniet
S & S
Super Dilla
en
Super Orange
Sherr & Shakinovsky
AUTO LAAN
Foon 16

# SPORTPRAATJIES



## Hokkiespelers Presteer

Ons beskik vanjaar oor 'n hokkiespan soos wat daar seker in jare nie op die Puk was nie. Selfs 'n persoon wat nie in hokkie belangstel nie en dink dat dit net 'n doellose geslaan van die bal van die een kant van die veld na die ander kant is, sal, nadat hy hierdie span in aksie gesien het, besluit dat hy heeltemal verkeerd was en dat hierdie kêrels 'n fyn uitgewerkte tegniek in hulle spel het.

Meeste van vanjaar se spelers speel lank reeds saam en hulle het reeds 'n samespel ontwikkel wat uitstaande is in Wes-Transvaal. Dit spreek duidelik uit die feit dat die hokkiespan nog nie een liga-wedstryd vanjaar verloor het nie. Hulle is tans voor op die liga en hulle moeilikste wedstryd van die seisoen vind op Saterdag 23 Mei plaas en as hulle hierdie wedstryd wen, is hulle kanse 100% om vanjaar die liga te wen.

## Gekombineerde Universiteitspan

Daar sal vanjaar natuurlik weer 'n gekombineerde Noordelike Universiteitspan (wat waarskynlik net uit P.U., Wits. en U.P. saamgestel sal word) gekies word om teen die Wallabies te speel. Daar is 'n' hele paar Puk-spelers wat seker in aanmerking behoort te kom vir hierdie span, alhoewel dit te betwyfel is of ons meer as een speler in die span sal kry. Die keurders gaan gewoonlik van die standpunt uit dat Wits. en Tukkies gelyke verteenwoordiging moet kry en siende dat daar 15 spelers in 'n voetbalspan is, moet daar darem een Puk in die span wees (eintlik net om die span vol te maak) want hoe sal 'n aanmekaargelaste Wits.-Tukkie nou lyk as 15de man? Maar ons moet darem maar moed hou; miskien kry ons darem een speler, die reisende reserwe en die bestuurder.

Ek sal miskien later in hierdie rubriek 'n voorspelling waag oor die samestelling van so 'n span, maar ek dink dat die **agterlyn** min of meer as volg sal wees:

Herbst (Wits); De Villiers (U.P.) of Pike (Wits), Lategan (U.P.), Rosenberg (Wits) en Leeb (Wits) of Steenkamp (P.U.); **Ulyate (Wits) en Brink (P.U.).**

## Jukskei

Belangstelling vir hierdie sportsoort is vanjaar seker die grootste wat dit was vir die afgelope 4 jaar. Veral die mans gooi vanjaar hout soos nog selde tevore die geval was. Die eerste mansspan speel dan ook besonder goed, en, navernеem word, sou hulle feitlik geen kompetisie gehad het as daar 'n liga-kompetisie in Potchefstroom was nie.

# 1ste VOETBALSPAN RUK REG

### Theos klop Western Reefs met verswakte span.

**Die Universiteit se eerste span het verlede Saterdag daarin geslaag om hulle neerlaag teen Western Reefs van vroeër hierdie seisoen te wreek, deur laasgenoemde met 17 punte ('n doel, drie drieë en 'n strafdoel) teen 13 (twee doele en 'n strafdoel) te klop.**

**Hierdie oorwinning het die Pukke egter nie 'n hoër plek op die punteleer besorg nie, daar dit 'n vriendskaplike wedstryd was.**

**Dit was verblydend om te sien dat die toeskouertal onder die Puk-ondersteuners toegeneem het. Daar was nogal 'n groot aantal Pukke rondom die veld geskaar en as 'n mens in aanmerking neem dat baie Universiteitspanne die dag op ander plekke gespeel het, kan 'n mens heeltemal tevrede voel dat die opkoms so groot was. Dit belowe veel vir die pawiljoen-ondersteuning van die toekoms.**

Die feit dat die Theos met 'n verswakte span gespeel het, het blykbaar nie 'n groot invloed gehad nie. Die manne het hulle daarop toegelê om mooi voetbal te speel en die agterlyn is so dikwels moontlik in besit van die bal gestel. Die driekwarte het dan ook hierdie kanse deeglik benut en Steenkamp kon twee mooi drietjies druk.

### Die spel.

Die wedstryd het lewendig begin en dit was nie lank na die aanvang nie, toe **Billy Duvenhage** om die steelkant glip, die heelagter pypkan en in die hoek oorval vir 'n drie. Kort hierna het **Org** vanaf 'n losskrum weggebreek vir **„Stony”** in besit gestel en hy het oorgegaan vir nog 'n drie. Western Reefs het egter ook nie op hulle laat wag nie en 'n doel aangeteken. Die Pukke het nou hulle voorsprong vergroot met nog 'n drie, maar Western Reefs het gesorg dat die telling op 11-10 in die Universiteit se guns te staan kom toe hulle nog 'n doel aanteken.

Na rustyd het die myners die voortou geneem toe Vellema 'n strafskop oorsit. **Putter** het egter met 'n reuseskop die telling op 14-13 te staan gebring toe Western Reefs vir 'n oortreding gestraf is. Net voor die einde het **Steenkamp**, na 'n volle agterlynbeweging, deurgebars vir 'n pragtige drie om die eindtelling op 17-13 te staan te bring.

### Navy wen maklik.

Die Navy het Saterdag ook daarin geslaag om 'n maklike oorwinning van 14-3 oor Western Reefs se tweede span te behaal. Blom (drie), Snyman (drie), de Klerk (skepdoel) en Erasmus (strafskop en vervyfskop) was verantwoordelik vir die Pukke se punte.

### Tekkies teen Stilfontein

Die Tekkies was al ander voetbalspan wat Saterdag gespeel het. Hulle het naelskraap (6-5) teen Stilfontein verloor.

# DAMESHOKKIE AAN DIE BRAND.

**Verlede Saterdag het die eerste hokkiespan Western Reefs op oortuigende wyse geklop. Na 'n paar swak vertonings van die afgelope weke het hulle weer hulle ou vorm herwin, sodat daar aan hulle geen keer was nie. Hoewel twee van die voorlyn se staatmakers Kotie Venter en Rina Loedof nie kon speel nie het die voorlyn mooi gekombineer en telkens deur die besoekers se vedediging gebreek. Die eindtelling was 3—1. Dit is opmerklik dat al die punte voor rustyd aangeteken is.**

**HOKKIEDAG op KLERKSDORP**

Op Saterdag 23 Mei het alle dameshokkiespanne in Wes-Transvaal opgeruk na Klerksdorp waar die jaarlikse hokkiedag vanjaar plaasgevind het. Die spanne het op 'n puntebasis gekompeteer en daar is ook 'n beker uitgeloof vir die wennende span. Die kiesing van die Wes-Transvaalse hokkiespan het ook by hierdie geleentheid plaasgevind. Direk na afloop van die dag se spel het die twee voorlopige spanne teen mekaar te staan gekom, en hieruit word dan die finale span gekies. Die W.-Transvaalse keurders het 'n buitestander gekoöpteer in die persoon van mev. Dietrich, bekende keurder van die Suid-Transvaalse span.

S.v.S.

### Manshokkie lei liga.

Op die 20ste Mei klop die eerste span Normaal in 'n ligawedstryd met twee doele teen een. P.U. se punte is aangeteken deur Schlesinger, wat albei doele behaal het.

Die manshokkie se eerstespan het een van die grootste struikelblokke uit die pad gevee toe hulle ook met Klerksdorp afgereken het. Die wedstryd was soms toiïngrig maar Puk het verdien om te wen, 4-3. Ferdi Botha (2), Jack Strydom (1) en Charles Schlesinger (1) was verantwoordelik vir die doele.

Tans staan die eerste manshokkie bo aan die leer.


*Die vere maak die voël,*

**STAVAST**

SE KLERE

*maak die man.*

**Van der Hoff-gebou,**
**Kerkstraat,**
**POTCHEFSTROOM.**

J. HEIDEMA

vir

FIETSE

EN

MOTORFIETSE

J. HEIDEMA

**Kerkstraat 30,**
**(teenoor Geref. Kerk)**
**POTCHEFSTROOM.**

W. J. GROBBELAAR,

Mans- en Dames-
Haarkapper

**Kerkstraat 97. Foon 330.**

Probeer ons beroemde
**JAMAL MASJIENLOOS PERM**
Bekwame Mans-afdeling.
**Sigarette en Fantasie Goedere.**

**KOM SIEN ONS—**

vir u

Fotografiese- en
Aptekersbenodigdhede

GEEN & VELLEMAN,

**KING EDWARDSTRAAT,**
**POTCHEFSTROOM.**

PRO REGE-PERS

BOEKHANDEL

en

ANTIKWARIAAT

vir al u

WETENSKAPLIKE BOEKE
EN SKRYFBEHOEFTES.

**Telefoon 1164,**
**KERKSTRAAT 59.**

INGRAM SE
BOTTELSTOOR

INGEVOERDE
en
KOLONIALE
WYNSOORTE
en
SPIRITUALIEË

P. W. BUYS

U verteenwoordiger van

REMBRANDT.

ED. L. OOMS,
N.S.T.O., N.V.V.O. (Ned.)
OOGKUNDIGE



BRILSPESIALITEIT
OË-TOETS OP WETENSKAPLIKE GRONDSLAG.
**KERKSTRAAT 129**
**(Nasionale Bank-gebou)**
**Foon 980.**
EIE OPTIESE SLYPERY.
**Depôt: Carlzeiss-Jena.**

VIR—

**VIS, ERTAPPELS,**
**VERVERSINGS, ENS.**

WELKOM KAFEE,

**Von Wiellighstraat 13,**
**POTCHEFSTROOM.**

*Dis u kafee, Studente!*

BLITZ DROOG-
SKOONMAKERS

**Die Afrikaanse saak vir Afrikaanse Studente.**

Vir u gerief bestaan daar Ontvangs- en Afleweringsgeriewe in al u koshuise.

**„BLITZ”—die woord vir**
**DROOGSKOONMAAK.**
**Nywerheidsgebied,**
**Telefoon 789, Potchefstroom.**

**ELKE DAG VARS!**

TURKSTRA SE
BAKKERY

**BROOD en alle KOEKSOORTE**

Raadpleeg ons vir

BRUIDSKOEKE


ONDERSTEUN ONS
ADVERTEERDERS.

(Gedruk deur Die Westelike Stem, Potchefstroom).